education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 10

AARDRYKSKUNDE VS2

NOVEMBER 2006

NAAM VAN KANDIDAAT	NAAM VAN SKOOL

PUNTE: 75

TYD: 1½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye, 'n topografiese kaart en 'n ortofotokaart.

Kopiereg voorbehou

NAAM VAN KANDIDAAT	NAAM VAN SKOOL

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Skryf jou naam en dié van jou skool in die spasies op hierdie vraestel voorsien.

2. Beantwoord AL die vrae op hierdie vraestel.

3. Kandidate word aanbeveel om hulself eers met die 1:50 000 TOPOGRAFIESE KAART 2527CB Rustenburg-Oos en die ORTOFOTOKAART 2527CB 16 Rustenburg-Oos voordat die vrae beantwoord word.

4. Skryf netjies en leesbaar.

HULPBRONMATERIAAL

- Uittreksel uit die topografiese kaart 2527CB Rustenburg-Oos
- Ortofotokaart 2527CB 16 Rustenburg-Oos

LET WEL: Die hulpbronmateriaal moet deur die skole vir hulle eie verdere gebruik, ingeneem word.

Die volgende Afrikaanse terme se Engelse vertalings verskyn op die 1:50 000 topografiese kaart:

AFRIKAANS	ENGLISH
Voor	Canal/Furrow
Begraafplaas	Cemetery
Hospitaal	Hospital
Myn	Mine
Ventilasieskag	Ventilation shaft
Kampeerterrein	Camping site
Skietbaan	Shooting range
Gholfbaan	Golf course
Kalksteen	Limestone
Inryteater	Drive-in theatre
Vliegveld/Lughawe	Aerodrome/Airport
Navorsingsinstituut	Research institute
Rivier	River
Noord	North
Skougronde	Showgrounds
Studam of stuwal	Weir
Inryteater	Drive-in cinema
Rioolplaas	Sewage works

Kopiereg voorbehou

NAAM VAN KANDIDAAT	NAAM VAN SKOOL

VRAAG 1

Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer (1.1 - 1.10) in die blokkie aan die regterkant van die vraag voorsien, neer.

1.1 Die primêre aktiwiteite wat hoofsaaklik in die gebied oos van Rustenburg voorkom, is ...

A bosbou en landbou.
B landbou en mynbou.
C mynbou en visbedryf.
D bosbou en jag.

1.2 Die nedersettingsdigtheid van die landelike nedersetting in die suidelike gebied op die kaart, kan as ... beskryf word.

A medium
B hoog
C laag
D uitermatig hoog

1.3 Die diensspoorlyn in ruite A1 en A2 word vir of deur ... gebruik.

A vervoer van toeriste
B vervoer van goedere na en van die myne
C boere
D industrieë

1.4 Die groot aantal damme in die gebied dui daarop dat die reënval ... is.

A hoog
B onbetroubaar
C voldoende
D te veel

1.5 Om vanaf Rustenburg na Ventersdorp te reis, moet 'n mens in 'n ... rigting reis.

A SSW
B NW
C SW
D SSO

NAAM VAN KANDIDAAT	NAAM VAN SKOOL

1.6 Die topografiese kaart van Rustenburg is 2527CB gemerk. Die kaart direk noord vanaf hierdie Rustenburg-kaart, moet dus ... gemerk wees.

A 2526AB
B 2527CC
C 2527AD
D 2527BC

1.7 Die ware peiling vanaf hoogtepunt 1156 in ruit C6 na die trigonometriese baken 212 in blok C5 is ...

A 280º.
B 330º.
C 35º.
D 175º.

1.8 Die kontoerinterval op die topografiese kaart is ... meter.

A 5
B 10
C 25
D 20

1.9 Entabeni in ruit E2 is 'n residensiële gebied wat in blokke gedeel is en wat vir die akkommodasie van ... gebruik word.

A die weermag
B mynbestuurders
C besoekers aan die myn
D werkers

1.10 Helling AB op die topografiese kaart in ruite A6 en B6 is ...

A konkaaf.
B konveks.
C 'n waterskeiding.
D 'n poort.

(10 x 2) [20]

NAAM VAN KANDIDAAT	NAAM VAN SKOOL

VRAAG 2

2.1 Geografiese inligtingstelsels maak van drie verskillende tipes ruimtelike data gebruik. Noem hierdie DRIE tipes ruimtelike data.

_____

_____

_____

(3 x 2) (6)

2.2 Noem TWEE nadele van Lambert se silindriese projeksie.

_____

_____

(2 x 2) (4)
[10]

VRAAG 3

3.1 Noem DRIE redes waarom mense van die platteland na Rustenburg sal wil verhuis.

_____

_____

_____

(3 x 2) (6)

3.2 Noem die straatpatroon van Rustenburg-Oos in ruit A2.

_____

(1 x 2) (2)

3.3 Noem EEN tipe straatpatroon wat in moderne voorstede gebruik word.

_____

(1 x 2) (2)

3.4 Naby Rustenburg word daar 'n belangrike mineraal ontgin. Noem hierdie mineraal.

_____

(1 x 2) (2)

NAAM VAN KANDIDAAT	NAAM VAN SKOOL

3.5 Wat is die funksies van die ry bome op die plaas in ruit E7? Noem EEN funksie.

(1 x 2) (2)

3.6 Noem TWEE redes hoekom die nywerheidsgebied van Rustenburg in ruit A3 (sien ook die ortofotokaart) hier ontwikkel het.

(2 x 2) (4)
[18]

VRAAG 4

Bestudeer die topografiese kaart en beantwoord die volgende vrae. (Die ortofotokaart kan ook geraadpleeg word.)

4.1 Noem die tipes paaie wat J, L, M en N op die topografiese kaart gemerk is.

(4 x 2) (8)

4.2 Word intensiewe boerdery op die plaas Waterval in ruit A4 beoefen?

(1 x 1) (1)
[9]

NAAM VAN KANDIDAAT	NAAM VAN SKOOL

VRAAG 5

Die volgende vrae verwys hoofsaaklik na die ortofotokaart. (Die topografiese kaart kan ook geraadpleeg word.)

Identifiseer die volgende op die ortofotokaart:

5.1 Die verskynsels H, I, J, K en M.

(5 x 2) (10)

5.2 Die stedelike kenmerke B, C en G.

(3 x 2) (6)

5.3 Die ekonomiese aktiwiteit by O.

(1 x 2) (2)
[18]

TOTAAL: 75

Kopiereg voorbehou